kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 358

Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrehemel ruis.

Refrein
Kersfees kom, Kersfees kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

Voel jy ook nou sy warm liefde
As ons die dag gedenk,
Toe Hy sy Seun aan ons gegee het –
Ons grootste kersgeskenk.
Christus kom, Christus kom –
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Woorddiens

Tema: Afkoms

Skriflesing: Matteus 1:18-25

Broodjies vir die pad

"There is divine beauty in learning... To learn means to accept the postulate that life did not begin at my birth. Others have been here before me, and I walk in their footsteps. The books I have read were composed by generations of fathers and sons, mothers and daughters, teachers and disciples. I am the sum total of their experiences, their quests. And so are you."
— Elie Wiesel

"In the West we have a tendency to be profit-oriented, where everything is measured according to the results and we get caught up in being more and more active to generate results. In the East -- especially in India -- I find that people are more content to just be, to just sit around under a banyan tree for half a day chatting to each other. We Westerners would probably call that wasting time. But there is value to it. Being with someone, listening wihtout a clock and without anticipation of results, teaches us about love. The success of love is in the loving -- it is not in the result of loving.

These words, taken from the book A Simple Path, are the words of one of the Missionaries of Charity Sisters, not of Mother Teresa."
— Mother Teresa

"We are meaning-seeking creatures. Dogs, as far as we know, do not agonise about the canine condition, worry about the plight of dogs in other parts of the world, or try to see their lives from a different perspective. But human beings fall easily into despair, and from the very beginning we invented stories that enabled us to place our lives in a larger setting, that revealed an underlying pattern, and gave us a sense that, against all the depressing and chaotic evidence to the contrary, life had meaning and value"
— Karen Armstrong, A Short History of Myth

Lied 355

Al was ek nie daar nie – ek weet dit is waar:
Die krip en Maria met die Kindjie by haar.
Dis of ek die engel die boodskap hoor bring
van Jesus se vrede, wat harte laat sing.

Al was ek nie daar nie – ek weet dit is só:
Die herders en wyses het dit eerste geglo.
En deur al die jare bou Jesus sy kerk –
die Gees en die Woord kom geloof in ons werk.

Brood vir die pad

Aanhou beweeg en geraas maak

Johann Rossouw

Is jy onvervuld? Die krisis van ons tyd is 'n verlies aan liturgie – die mooi ou woord vir 'n kerkdiens.

Vir elke nuwe krisis soek ons dringend 'n plan. Maar wat as die krisis van ons tyd is dat ons te veel wil doen?

Dit is dié tyd van die jaar wanneer ons vir 'n paar weke tot stilstand kom en as ons gelukkig is, báie gelukkig, iewers stil oor die see kan staar en die jaar in oënskou neem. Met die jaarlikse afstandneming van ons daaglikse lewe, lyk ons alledaagse bedoeninkies opnuut soos 'n gejaag na wind.

Plegtig onderneem ons om dinge volgende jaar anders te doen, net om einde Februarie se kant te wonder hoe ons ooit turend oor die see ernstig kon dink ons sal dinge dié jaar anders doen . . .

En so, om D.J. Opperman effens anders te lees, gaan kringend om jou, en kringend om my, die tyd verby, die tyd verby . . . En so ook ons lewens.

Dit is een van die vreemdste vreemdhede van ons vreemde tyd dat die rus uitbly. Wat is ons antwoord hierop, die plan wat

ons maak? Natuurlik om nog ’n tegniek of ’n toestel in te span – ’n “wonderoefening” drie maal per week, ’n horlosie wat jou beveel om te staan of asem te haal.

Dog, so vererger ons bloot die krisis, want ’n verlies aan rigting en ritme word nie herstel met ’n blote tegniek of toestel nie.

Ons het hier te make met wat beskryf kan word as ’n verlies aan liturgie. Liturgie, die mooi ou woord vir ’n kerkdiens, is deur die antieke Grieke omskryf as openbare dade van burgerskap, daardie simboliese dade wat gemeenskappe saam uitvoer in die naam van dit wat hulle ’n gemeenskap maak.

Liturgie word uitgevoer by wyse van rituele. Rituele, vertel my slim, jong dogter my, is die liggaamlike uitdrukking van dit wat ons ten diepste glo.

Dink maar aan hoe duisende Moslems in ’n moskee soos een man gesig teen die grond kniel, of hoe Ortodokse Christene hulself telkens kruis wanneer in die diens na “Vader, Seun en Heilige Gees” verwys word.

Vele van ons ken dié waarheid nog slegs jubelend by ’n rugbydrie.

Talle denkers het al uitgewys hoe ons tyd een is van die toenemende verlies aan ’n liturgiese bewussyn — ’n verlies wat saamhang met dinge soos verstedeliking, die oorgang van ’n landelike ekonomie na ’n nywerheidsekonomie, en die vervanging van godsdiens met verbruik en individuele genot.

In Afrikaans is Dana Snyman ons argivaris van hierdie verdiepende verlies, wanneer hy roerend skryf oor hoe begrafnisse, troues of die viering van Kersfees onherkenbaar verander het.

Waar die meeste van ons miskien die meeste bewus word hiervan, is by die verlies aan die rus op die sewende dag. As ons nadink oor die siklusse waarvolgens mense tradisioneel geleef het, is dié almal natuurlik en seisoenaal – die vier seisoene, om te plant en om te oes – buiten die sewedagweek, ’n kulturele siklus wat deur die Joods-Christelike tradisie aan die mensdom gegee is.

“Ses dae ’n week moet jy arbei, maar op die sewende dag moet jy rus.” (Eks. 34:21, 1953- hersiene Bybelvertaling)

’n Liturgiese samelewing is ’n samelewing waar mense gereeld op vasgestelde tye en plekke saamkom in die naam van iets hoër as hulleself, daardie iets by grasie waarvan hulle na hulself as “ons” kan verwys. Sulke samekomste is gelukkig nog nie heeltemal vreemd aan ons in Suid-Afrika nie, omdat genadiglik nog heelwat van die tradisionele wêreld vir ons behoue gebly het.

Sommige van ons verstaan nog die “klein sabbat” van die aandete waar ons almal op ’n vasgestelde tyd met ’n tafelgebed aansit om saam te eet en mekaar van ons werks-, studie- of skooldag te vertel. Of wat dit beteken om ná Sondagoggend se voed van die gees met die heilige brood en die heilige wyn op die stoep in ’n oerritueel die vuur aan te steek om dan ook die liggaam met die weeklikse braai te voed.

Ongelukkig kom baie van ons nie meer te naby aan so ’n liturgiese leefwyse nie. Nee, ons sweet verbete in ons gim-tempels van die liggaam, hou met ons toestelle boek van ons tydsverbruik, meld by ons “lewensafrigters” aan in die naam van nog groter “doeltreffendheid” of ’n nog beter “werk-en-lewe-balans”.

En kringend gaan om jou en my die tyd verby, die tyd verby, tot die lewe self vergly.

Bernard Stiegler skryf hierdie vermaledyde toedrag van sake toe aan wat hy die programbedryf noem. ’n Hele ekonomie gemik op ons nauurse aandag het die afgelope 50 jaar ontstaan, en die ou liturgiese siklusse is verdring deur die TV-reekse of sportseisoene waarvoor ons vasgenael sit.

Die Sabbat is vervang met angstige, kortstondige ontvlugting van genadelose produktiwiteit, met die gepaardgaande verlies aan ’n diep besef van genade.

Personeelafdelings van organisasies, wat mense as “hulpbronne” behandel, onderwerp werknemers aan jaarlikse persoonlike planne en teikens, en versoet die gif met ’n afdeling gemoeid met ons “welstand”, waar ons leer om ’n paar keer diep asem te haal of “span te bou” . . .

Dit is ’n vreemde tyd, vreemd omdat ons met so min tevrede is. As ’n mens nie meer hoër, wérklik hoër wil mik nie, verstaan jy ook nie die noodsaak van liturgie, ritueel en siklus nie, en word jou jaarlikse vakansie die hoogtepunt van jou lewe. Tot die nuwe jaar weer begin.

Die oudstes het gedroom van vergoddeliking of verligting, maar ons tyd droom van kookprogramme, reise en aftrede.

Die groot kerkvader Augustinus leer ons dat om te veel te bid, ewe gevaarlik is as om te veel te werk.

Die gepaste balans tussen die woord en die stilte, tussen werk en rus, lê in die liturgieë wat die mensdom al derduisende jare vergesel.

Uitbranding, depressie en dies meer is vreemd aan liturgiese samelewings.

Wie werklik ’n einde aan dié gekheid wil bring, moet vandag iets doen wat so lank konvensioneel was, maar wat nou kontra-kultureel geword het, naamlik om weer die ou liturgiese patrone te leer – om rus die voorwaarde van werk te maak, om stilte die voorwaarde van die woord te maak, om die gedeelde daaglikse ete die voorwaarde van die individuele dagtaak te maak, die verbruik van die heilige brood en wyn die voorwaarde van die braai.

Wie bevoorreg is om vanjaar ure oor die see te tuur, sal miskien die oerritmes in die golwe weer hoor en gevoed word, juis omdat dit ritmes is wat die siel voed – en besef dat om met ritmes en liturgieë in die alledaagse te leef, is om weer vir die eerste keer te leef.

Altyd, weer en weer.

* *Prof. Johann Rossouw doseer filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/johann-rossouw-aanhou-beweeg-en-geraas-maak-20191215

Lied 348

Stille nag, heilige nag!
Jesuskind, lank verwag,
Lig uit Lig, uit die Vader se ryk,
word uit liefde aan mense gelyk.
Loof die hemelse Kind! (x2)

Stille nag, heilige nag!
Hemelvors, ons gee ag
op die lied van die engelekoor.
Herders het dit die eerste gehoor:
Juig, die Redder is daar! (x2)

Stille nag, heilige nag!
Jesus, Heer, voor u mag,
voor u ryk moet die duisternis swig;
tot in ewigheid bly U die lig –
Heer, gebore vir ons! (x2)

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877